Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2020

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE : 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 22 bladsye.

# 1. BRONGEBASEERDE VRAE

## 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30% (14)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30% (16)** |

## 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ‘n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

## 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Kopiereg voorbehou

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . _______________________ . _______________
_______________ . _______________________ . __________
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

Kopiereg voorbehou

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | __________________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | R |
| • Analise | A√ |
| • Interpretasie | I√ |
| • Argument | LOA↕ |

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6

Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE FILOSOFIE VAN SWART BEWUSSYN (SB) DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG IN DIE 1970's BEÏNVLOED?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Aanvaar jouself as swart/selfwaarde/selfbeeld/selfwaarde
- Om trots te wees op wat jy is/swart trots
- Swart Suid-Afrikaners moet trots op hulself wees en vir selfstandigheid strewe
- Swart Suid-Afrikaners moet onafhanklik word
- Enige ander relevante verduideliking (Enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Motiveer swartes om te verenig en teen apartheid te veg
- Swart Suid-Afrikaners moet opstaan en vir hul regte veg
- Swart Suid-Afrikaners moet hul gedagtegang/denke verander
- Swartes moet ophou minderwaardig voel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Dit het mense gemobiliseer toe al die belangrike politieke opposisie verbied was en hul leiers in ballingskap (in die buiteland) of in die tronk was (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 1A – V3]*
Die bron is bruikbaar omdat:
- Dit het die mondstuk/stem van die onderdrukte mense in Suid-Afrika geword
- Dit het die politieke vakuum/leemte wat op daardie stadium bestaan het, gevul
- Dit het swart Suid-Afrikaners bewus gemaak om nie hul onderdrukking deur die apartheidsregering te aanvaar nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Onafhanklike denke
- Selfonderhoud
- Vreesloosheid
- Waardigheid (4 x 1) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Selfbegrip
- Selfagting (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die apartheidsregering het die SBB as 'n bedreiging beskou
- Menige lede was gevangenisstraf opgelê/verban
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Daar was magte wat gedreig het om met hulle 'af te reken'
- Indiensneming te ontneem as ons nie ons politieke oortuigings opgee nie (2 x 1) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Omdat hulle die idees van Swartbewussyn versprei het (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Belangrike anti-apartheid organisasies was op hierdie stadium verban
- Beïnvloed deur die SBB, het hulle geleer om apartheid te weerstaan
- Hulle het bewus geword van die sosiale, politieke en ekonomiese onderdrukking wat hulle verduur het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hy was verban
- Aangehou
- Kon nie King William's Town verlaat nie
- Hy kon nie vergaderings bywoon nie
- Die polisie het gereeld sy huis deurgesoek om na hom te gaan kyk
- Kon nie vir koerante of tydskrifte skryf nie
- Hy was 'n paspoort geweier en kon nie die land verlaat nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Wou wit minderheidsregering behou
- Sien die Swartbewustheidsbeweging as 'n bedreiging
- Sien die Swartbewustheidsbeweging as opstokers wat die regering wou omverwerp
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Vreesloos
- Onafhanklik
- Bereid om vir sy oortuigings/idees te sterf
- Hy het volgens sy oortuigings geleef
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Krag aan die mense (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1A en 1D – V3]*
- Beide bronne openbaar dat die SBB die jeug beïnvloed het
- Beide bronne toon dat die jeug geleer was om vreesloos te word
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- SBB het die mense gemobiliseer (Bron 1A)
- SBB het onafhanklike denke, selfvertroue, vreesloosheid en waardigheid ingeboesem (Bron 1A)
- Breek die stilte van die tyd (Bron 1A)
- Dit maak swart Suid-Afrikaners bewus om teen onderdrukking op te staan (Eie kennis)
- Jong swartes het geweier om in ŉ minderwaardigheidsposisie gehou te word (Eie kennis)
- Studente was op die voorgrond van die stryd (Bron 1B)
- Swartmense moet trots op hul velkleur wees (Bron 1B)
- Laat swart Suid-Afrikaners hul selfwaarde besef (Bron 1B)
- Maak swart studente bewus om apartheid te verwerp (Bron 1B)
- Lei tot die vorming van gemeenskapsorganisasies (Eie kennis)
- Studente beïnvloed deur die skrywes van Biko (Bron 1C)
- Beïnvloed deur die SBB, het studente vreesloos geword (Bron 1A en 1D)
- Is verander in gedissiplineerde swart jongmans (Bron 1C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die filosofie van Swartbewustheid die Suid-Afrikaanse jeug in die 1970's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die filosofie van Swartbewustheid die Suid-Afrikaanse jeug in die 1970's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die filosofie van Swartbewustheid die Suid-Afrikaanse jeug in die 1970's beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) IN DIE HANTERING VAN DIE MOORD OP AMY BIEHL?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Bepaal die oorsake, aard en omvang van growwe menseregte-skendings
- Deur ondersoeke uit te voer en verhore te hou
- Die toestaan van amnestie aan persone wat volle openbaring van al die relevante feite verwant aan dade wat geassosieer was met ŉ politieke doelwit gemaak het, te fasiliteer
- Om die menslike en burgerlike waardigheid van slagoffers te herstel
- Reparasie-maatreëls aan te beveel
- ŉ Verslag saam te stel van sy bevindings en aktiwiteite en maatreëls aanbeveel om toekomstige skendings van menseregte te voorkom (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Apartheid het die menseregte van die meeste Suid-Afrikaners geskend
- Apartheid het op grond van velkleur teen Suid-Afrikaners gediskrimineer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Verduideliking van ŉ historiese konsep uit Bron 2A – V2]*

- Om amptelike kwytskelding vir politieke gemotiveerde dade toe te staan
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.4 *Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse uit Bron 2B – V3]*

Die bron is bruikbaar omdat:

- Dit verduidelik die redes vir die stigting van die WVK
- Dit gee ŉ oorsig van die tydperk van die ondersoek
- Dit gee redes waarom daar ŉ behoefte aan die WVK was
- Dit gee inligting oor die komitees wat die werk van die WVK sal uitvoer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Menseregteskending-komitee
- Amnestie-komitee
- Reparasie en Rehabilitasie-komitee (3 x 1) (3)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Sy was ŉ slagoffer van rassegeweld
- Sy was wit (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Geslaan
- Gesteek (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Sy was 'n anti-apartheid aktivis
- Sy het regsnavorsing vir die ANC gedoen
- Het gehelp met kiesers registrasie/opvoeding
- Met onbevoorregte gemeenskappe gewerk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Om wit mense dood te maak
- Deur wit mense te vermoor sou hulle hul land terugkry
- Wou apartheid beëindig
- Wou hê wittes moet voel wat swartes moes verduur
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Mzikhona Nofemela
- Ntobeka Peni
- Vusumzi Ntamo
- Mongezi Manqina (Enige 3 x 1) (3)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Wou hul vergifnis hê
- Wou amnestie kry
- Berou vir hul sinnelose dade getoon
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- "Ek voel jammer en baie hartseer, veral vandag, met die besef van Amy Biehl se bydrae tot die stryd" (1 x 2) (2)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Die WVK het 'n platform verskaf aan oortreders om hul stories te vertel
- Dit het 'n platform aan slagoffers gebied om berusting te vind
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Om die waarheid te praat
- Om te bewys dat hul dade polities gemotiveerd was
- Om uit die tronk vrygelaat te word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – L3]*

- Bron 2C dui aan dat die moordenaars van Amy Biehl aansoek doen vir amnestie en Bron 2D wys dat hulle voor die Amnestie-komitee verskyn
- Beide bronne dui aan dat dit ŉ platform gebied het vir die moordenaars om die waarheid oor hul misdade te onthul
- Beide bronne wys dat hulle betoon het vir hul aksies berou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Die rede vir die stigting van die WVK was om die verlede te hanteer (Bron 2A)
- Die WVK het volle amnestie aan die wat vorentoe gekom het en hul misdade bely het geoffer (Bron 2A)
- Die WVK het ŉ platform verskaf aan die moordenaars van Amy om die waarheid te onthul oor die redes vir hul aksies (Bron 2C)
- Peni onthul die waarheid van hul aksies en beweer dat dit polities gemotiveerd was by sy amnestie verhoor (Bron 2C)
- Slagoffers het die geleentheid gekry om dié te konfronteer wat hul geliefdes beseer het (eie kennis)
- Oortreders het die geleentheid om berou te betoon (Bron 2C en 2D)
- Die WVK het ŉ platform vir Amy se ouers gebied om hul opinies oor die amnestie-proses te lig (Bron 2C)
- Slagoffers het vir die eerste keer gehoor wat met hul geliefdes gebeur het en hoe hulle vermoor is (eie kennis)
- Ouers vergewe die oortreders (Bron 2C)
- Oortreders word uit die gevangenis vrygelaat (Bron 2C)
- Oortreders ontvang amnestie (Bron 2C en 2D )
- Die Amy Biehl-stigting word op die been gebring deur haar ouers om Amy te herdenk (Eie kennis)
- Oortreders werk op grondvlak, doen gemeenskapswerk en werk om geweld te voorkom (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie suksesvol was in die hantering van die moord op Amy Biehl.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie suksesvol was in die hantering van die moord op Amy Biehl.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip of die Waarheid-en-Versoeningskommissie suksesvol was in die hantering van die moord op Amy Biehl.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 6–8** |

(8)
**[50]**

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET MULTI-NASIONALE KORPORASIES (MNK's) OP GLOBALE KULTURE IN DIE 1990's GEHAD?

3.1 3.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3A – V1]*
- Verwys na die tegnologiese, politieke en ekonomiese veranderinge wat daartoe gelei het dat die wêreld op 'n ander manier funksioneer as wat dit 20 jaar gelede was
- Enige ander relevante verduideliking (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Internasionale handel
- Beleggings (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Vir duisende jare, mense – en later, korporasies – het gekoop van en verkoop aan mekaar in lande teen groot afstande' (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Minder handelsversperrings tussen lande
- Massa-produksie deur MNK lei tot goedkoper produkte
- Tegnologiese vooruitgang veroorsaak dat goedere vinniger tussen lande beweeg
- Baie lande het 'n vrye markstelsel aangeneem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Amerikaanse lande
- Europese lande (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Televisie
- Radio
- Satelliet
- Internet (Enige 2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Verbruikers het toegang tot 'n verskeidenheid goedere en dienste
- Interkonneksie van die wêreld deur inligtingstegnologie
- Mense kan van ander mense se kulture en tradisies leer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Evalueer die betroubaarheid van die bewyse uit Bron 3B – V3]*
Die bron is betroubaar omdat:
- Die bron wys beide die positiewe en negatiewe effekte wat globalisering op die kulture van mense regoor die wêreld het
- Dit is nie eensydig nie
- Mense wat handelsmerke van oorsese korporasies dra het 'n daaglikse verskynsel geword
- Baie mense regoor die wêreld het 'n bietjie kennis van die Engelse taal bekom
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Hongerloonfabrieke
- Kinderarbeid (2 x 1) (2)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Boston
- Washington D.C.
- Bangalore
- San Pedro Sula (Enige 2 x 1) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Mense het onder haglike omstandighede gewerk
- Mense was lae lone betaal
- Dit het nie werkers se regte gerespekteer nie
- Die belofte om die maatskappy se praktyke te verander was nie geïmplementeer nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Dit wys opposisie teen korporasies
- Dit beskuldig groot korporasies dat dit mense verslaaf
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
**REGVERDIG**
- MNK's se enigste motief was om wins te maak
- Mense moes in haglike omstandighede vir lae lone werk
- MNK's gebruik kontrakteurs en sub-kontrakteurs en spaar dus op bedryfskoste en laat hulle toe om te vertrek wanneer hulle wil
- Enige ander relevante antwoord

**OF** (4)

**NIE-GEREGVERDIG**
- MNK's verskaf werk
- Hulle stimuleer ekonomiese groei
- Dit bevorder toegang tot tegnologie en vaardighede
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3C en 3D – V3]*
- Bron 3C toon dat demonstrasies teen Nike-hongerloonfabrieke en Bron 3D wys opposisie teen hongerloonfabrieke gehou was
- Bron 3C dui aan dat mense in haglike omstandighede gewerk het en Bron 3D dui aan dat korporasies mense in hongerloonfabrieke soos slawe behandel het
- Beide bronne dui daarop dat MNK's beskuldig word dat hulle mense uitbuit
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte insluit:
- Kulture het as gevolg van globalisering verander (Bron 3B)
- Mense se kulture het verander deur televisie, radio, satelliet en internet (Bron 3B)
- Globalisasie het veroorsaak dat mense van ander mense se kulture leer (eie kennis)
- Handelsmerkprodukte wat deur MNK geproduseer word, word ŉ populêre verskynsel wêreldwyd (Eie kennis)
- Dit het gelei tot die vernietiging van plaaslike kulture en identiteit (Eie kennis)
- Dit het armoede vir menigte nasies teweeggebring omdat baie mense nie plaaslike produkte koop nie (Eie kennis)
- Dit het armoede in menigte lande veroorsaak omdat die wins wat gemaak was vanaf produksie uit die land geneem is (Eie kennis)
- Mense het in haglike toestande in hongerloonfabrieke gewerk (Bron 3C)
- MNK gee slegs om oor winsmotief (Eie kennis)
- Gelei tot opposisie teen MNK (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor die impak wat Multi-Nasionale Korporasies op globale kultuur in die 1990's gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor die impak wat Multi-Nasionale Korporasies op globale kultuur in die 1990's gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor die impak wat Multi-Nasionale Korporasies op globale kultuur in die 1990's gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip oor die onderwerp. | **Punte: 6–8** |

(8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui tot watter mate demonstrasies, boikotte, sanksies en disinvestering deur die internasionale anti-apartheid organisasies tot die uiteindelike ondergang van apartheid in die 1980's bygedra het.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en demonstreer hoe verskillende aksies wat deur die internasionale anti-apartheid organisasies geneem is uiteindelike tot die ondergang van apartheid gelei het.

**UITBREIDING**

- Stigting en rol van die Anti-Apartheidsbeweging (AAM) in Brittanje/Ierse Anti-Apartheidsbeweging (agtergrond)
- Die rol van die Internasionale Verdedigingsfonds (IDAF) wat fondse vir anti-apartheidsaktiwiteite beskikbaar gemaak het
- PW Botha het probeer om apartheid te hervorm/kosmetiese hervormings
- PW Botha se Rubicon-toespraak van 1985 het die internasionale gemeenskap tot aksie aangespoor wat verskeie vorms van boikotte, sanksies en disinvestering teen die apartheidsregering geloods het
- **Sportsboikotte:** SANROK, HART en SACOS
- **Kulturele boikotte:** In 1985 het VSA kunstenaars teen apartheid geprotesteer en geweier om in Suid-Afrika op te tree en geld vir bevrydingsorganisasies (In 1986 die 'Freedom Festival' in Londen) ingesamel;
  Musikante het hulle solidariteit met die mense in SA getoon
- **Akademiese boikotte:** Internasionale geleerdes het geweier om na Suid-Afrika te reis/Internasionale uitgewers het geweier om Suid-Afrikaanse manuskripte te publiseer en om toegang tot informasie te gee/Internasionale konferensies het Suid-Afrikaanse geleerdes verbied/Buitelandse instellings het Suid-Afrika akademiese toegang geweier en het geweier om Suid-Afrikaanse grade te erken
- **Verbruikersboikotte:** OPEC het 'n verbod op die verkoop van olie aan Suid-Afrika geplaas (Suid- Afrika het 'n ekonomiese resessie gedurende die 1980's beleef)/Ierse werkers het geweier om vrugte uit Suid-Afrika te hanteer/Invoer van natuurlike produkte uit Suid-Afrika – steenkool, yster, staal – is verbied
- **Disinvestering:** In die 1980's het buitelandse beleggings met 30% gedaal/Teen 1980 het Brittanje alreeds van die Simonstad marinewerf(hawe) onttrek/General Motors en Barclays Bank het uit Suid-Afrika onttrek/In die 1980's het die Suid-Afrikaanse ekonomie gesukkel omdat beleggers die land verlaat het/Die uitwerking van die AAM-protesaksie het 'n negatiewe effek op die Suid-Afrikaanse regering gehad
- Tussen 1985 en 1990 het meer as 200 Amerikaanse maatskappye uit Suid-Afrika onttrek/Die Universiteit van Kalifornië het beleggings van meer as drie miljoen dollars uit Suid-Afrika onttrek

- **Sanksies:** In 1985 het die Amerikaanse Bank Chase Manhattan Bank bande met Suid-Afrika verbreek; die Johannesburgse Aandelemark (JSE) het vir vier dae gesluit/Die waarde van die rand het met 35% gedaal van 54 tot 34 sent teenoor die dollar)/In 1986 het die VS Kongres 'n wet aanvaar wat alle nuwe beleggings en lenings in Suid-Afrika verbied het
- Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, General Motors, Mobil en IBM het hul aktiwiteite in Suid-Afrika gestop/Die VSA het gedreig om wapen-verkope aan lande wat wapens aan Suid-Afrika verskaf te staak/In 1986 het die Anti-Apartheid Wet van die VSA veroorsaak dat Europa en Japan sanksies teen Suid-Afrika instel; Internasionale banke het vertroue in Suid-Afrika se ekonomie verloor
- In 1982 het die Verenigde Nasie (VN) apartheid veroordeel en vir sanksies teen SA gevra
- In 1985 het die Europese Ekonomiese Gemeenskap nuwe beleggings in Suid-Afrika verbied
- In 1988 het een vyfde van Britse maatskappye uit SA as gevolg van druk van aandeelhouers onttrek/Barclays Bank het sy aandele verkoop as gevolg van druk van aandeelhouers/Die Suid-Afrikaanse ekonomie het aanhou stagneer en het slegs groei van 1,1% getoon
- **Vrylating van Mandela-veldtog:** (Wembley Stadium/Verenigde Nasies/VN Sekuriteitsraad en VN Algemene Vergadering maak 'n beroep vir die vrylating van Nelson Mandela)
- **Die rol van internasionale vakbonde:** Die AAM in Europa en Australië/Liverpool dokwerkers/Finland se Transport Werkersvereniging stel 'n verbod op handel met Suid-Afrika
- Dit het veroorsaak dat SA groot ekonomiese probleme ondervind het en onderhandelings in alle erns met die vryheidsorganisasies in SA begin het
- Die rol van Frontliniestate
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE SKIKKING EN DIE RNE

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek hoe Suid-Afrika se pad na demokrasie deur verskillende uitdagings, probleme en struikelblokke beïnvloed is, maar dit was die gees van intense onderhandelinge, besliste leierskap en toewyding wat uiteindelik tot die geboorte van ŉ demokratiese bedeling in 1994 gelei het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

- Inleiding: Kandidate moet ŉ standpunt inneem en aandui hoe die gees van intense onderhandelinge, besliste leierskap en toewyding wat uiteindelik tot die geboorte van ŉ demokratiese bedeling in 1994 gelei het.

UITBREIDING

- De Klerk kom aan bewind in 1989 – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990 (Politieke leierskap)
- Vrylating van Mandela en die ontbanning van die ANC, PAC en SACP
- Verwydering van beperkings op COSATU, AZAPO ens. (Politieke leierskap en toewyding)
- Grootte Schuur-minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet; ANC delegasie gelei deur Nelson Mandela; NP delegasie gelei deur FW de Klerk (Politieke leierskap en toegewydheid)
- Apartheid wetgewing herroep, soos die Wet op Afsonderlike Geriewe (Politieke leierskap en toewyding)
- Pretoria-minuut, 6 Augustus 1990 (Opskorting van die gewapende stryd deur die ANC)
- KODESA 1 (19 politieke partye, uitsluitend AZAPO, KP en PAC; 300 verteenwoordigers ontmoet) (Politieke leierskap en toewyding)
- Geweld breek uit in sommige dele van die land, soos die Witwatersrand en Natal Slegs wittes-referendum en die impak daarvan (Maart 1992) (Politieke leierskap)
- KODESA 2 (2 Mei 1992 stort in duie); partye kon nie ooreenkom oor nuwe grondwet en tussentydse regering nie (Politieke leierskap en toewyding)
- NP wou minderheidsveto gehad het terwyl die ANC 'n tussentydse regering vir nie langer as 18 maande gehad het nie en eenvoudige meerderheidsregering
- Boipatong-slagting en sy gevolge (17 Junie 1992)
- Bhisho-slagting het die onderhandelingsproses laat skeef loop (7 September 1992)
- Memorandum van Verstandhouding tussen Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa geteken (Politieke leierskap en toewyding)
- Sluipmoord van Chris Hani (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika (Politieke leierskap)
- Veelpartyonderhandelingsforum (Politieke leierskap en toewyding)
- Bestorming van die Wêreldhandelsentrum deur die regses (AWB) en die gevolge daarvan
- Toenemende geweld – rollende massa-aksie (i.e. Boipatong, Bisho, ens.)

Kopiereg voorbehou 

- Sonsondergangsklousule voorgestel deur Joe Slovo breek onderhandelings dooiepunt (Politieke leierskap en toewyding)
- Verkiesingsdatum aangekondig, 27 April 1994 (Politieke leierskap)
- ANC wen verkiesing en Mandela word die eerste swart Suid-Afrikaanse president
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989.**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling en aandui of dit die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 was wat aansienlik bygedra het tot die politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui of dit die ineenstorting van die Sowjetunie was wat aansienlik bygedra het tot die politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het .

UITBREIDING

- Gorbachev se Glasnost- en Perestroika-hervormingsbeleide
- Teen die einde van 1989 het die Sowjetunie gedisintegreer en die gevolge daarvan
- Die kommunistiese regimes in Oos-Europa stort ineen
- Veranderinge in die wêreld het tot druk op die apartheidsregering geplaas om met veranderinge te begin
- Die ineenstorting van kommunisme het beide die Nasionale Party en die ANC geaffekteer
- Die Nasionale Party was nou bereid om met die ANC te onderhandel
- Die Nasionale Party se vrees van 'n kommunistiese beheerde ANC het nou ongegrond gelyk
- Na die val van kommunisme in die USSR het die ANC nie verdere ondersteuning van die Sowjetunie ontvang nie
- Die ANC kon nie langer op die Sowjetunie vir ekonomiese en militêre ondersteuning staatmaak nie
- Die val van USSR ontneem die ANC van sy hoofbron van ondersteuning (finansieel; militêr, moreel en die gevolge daarvan)
- Die Nasionale Party se bewering dat dit as 'n 'skans' optree teen kommunistiese uitbreiding in Suider-Afrika, het onrealisties geword
- Westerse wêreldmagte ondersteun die idee dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties op kan oplos
- Dit het duidelik geword dat die voortgesette onderdrukking van swart Suid-Afrikaners deur die apartheidsregering nie gehandhaaf kon word nie en politieke onstabiliteit tot gevolg kon het
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig was en moes die ontwikkeling van 'n sterk middelklas insluit wat as 'n 'teenvoeter teen die rewolusie'' sou dien
- Invloedryke lede van die Nasionale Party het besef dat apartheid nie die antwoord op die behoeftes van wit kapitalistiese ontwikkeling was nie
- Die Slag van Cuito Cuanavale en die gevolge daarvan
- Die sekuriteitsmagte en noodtoestand het nie lokasie-opstande gestop nie
- Teen die laat 1980's was Suid-Afrika in 'n toestand van ekonomiese depressie
- Die rol van besigheidsleiers in Suid-Afrika se politieke transformasie
- PW Botha het 'n beroerte gehad en is deur FW de Klerk opgevolg

Kopiereg voorbehou 

- FW de Klerk het besef dat in ŉ Suid-Afrika politieke verknorsing is en het begin aanvaar dat die swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid nie ŉ sameswering was wat vanaf Moskou gereël word nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ' ŉ nuwe regverdige grondwetlike bedeling' aangekondig
- De Klerk ontban alle anti-apartheidsorganisasies, insluitend die ANC, PAC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party
- Dit het die einde van apartheid en die begin van die onderhandelingsproses aangedui
- Enige ander relevante antwoord **[50]**

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat.

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou